

# ST. PETRUS DAMIANUS

21 FEBRUARIE

(1007-1072)



Hy was 'n weeskind wat baie ontberinge in sy kinderjare moes verduur. Toe hy die kans aangebied word om 'n opvoeding te bekom het hy dit aangegryp en baie hard gewerk en self 'n leermeester geword. Op 34-jarige leeftyd tree hy in die Benediktyne van Fonte Avellana. In 1043 word hy tot ab verkies en onder sy bekwame leiding en diep geestelike leefwyse brei die klooster uit en word vyf nuwe huise gestig. Later word hy ook aangestel as biskop van Ostia, maar so gou as wat hy kon het hy na sy eenvoudige kloostersel en die lewe van 'n nederige monnik teruggekeer. Hy het 'n aantal invloedryke geestelike werke geskryf en is 'n paar keer deur die pous op belangrike missies gestuur. Hy slaag selfs daarin om die Duitse keiser te oortuig om nie van sy vrou te skei nie.